DF Fokus 2/2010

HOëRSKOOL D.F. MALHERBE

Tel.: 041-5813145 **E-pos**: dfm@telkomsa.net
Faks: 041-5813118 **Datum:** 3 Maart 2010

****

GELUKWENSINGE

Hartlik geluk aan die volgende Malherbiete en hul ouers:

Tweekamp: Jamie-Lee Schlemmer het OP verteenwoordig tydens die Interprovinsiale kampioenskap te Oudtshoorn. Die ander provinsies was WP, Grens, Boland en SWD. Jamie-Lee is tans o/14, maar moes in die o/15 afdeling meeding waar sy ‘n algehele tweede plek behaal het. Sy het ook aan die Oos Kaap kampioenskap dogters o/15 deelgeneem en gewen.

“Open water” swem: Jamie-Lee is opgeneem in die OP senior “open water” swemspan wat in April in Durban gaan deelneem.

Swem: Jamie-Lee is ook opgeneem in die OP swemspan.

Hengel: Kristen en Colleen Ellis is opgeneem in die OP o/16 Hengelspan wat aan die SA Varswater Kampioenskap in Mpumalanga gaan deelneem.

Seiljagvaart: Eben en Johan Vivier is onlangs opgeneem in die OP seiljagvaartspan wat gaan deelneem aan ‘n interprovinsiale wedvaart te Saldanhabaai.

Interskole vs Nico Malan-Atletiek: Bekers: Beste prestasie veld: Darné Claassen deel met Lize du Plessis (Nico Malan). Beste prestasie veld So/14 Damian Sharp. Beste prestasie baan Do/17, Aleesha Gerber. Beste prestasie baan So/15, Brian Wolmarans. Beste prestasie baan Do/15, Zanri Strydom. Beste prestasie baan So/14, Corné Vermeulen deel met J Jacobs (Nico Malan). Beste prestasie baan Do/14 Jamie-Lee Schlemmer. Junior Victrix - Zanri Strydom en Senior Victrix - Aleesha Gerber.

UITSLAE

KRIEKET: **Seuns:** o/14 DF vs Nico Malan: wen met 6 paaltjies. Spelers van die wedstryd: Stefan Smith, Willem Nortje en Riegardt Pienaar. DF 2de span vs HTS Newton: wen met 3 paaltjies. Speler van die wedstryd, Juan Stoltz. DF 1ste span vs Loyiso: wen met 68 lopies. Spelers van die wedstryd: Jaques le Roux, Clinton Wolmarans, Coenie van den Heever en Werner Bronkhorst. DF o/14 vs Pearson: wen met 7 paaltjies. Spelers van die wedstryd: Henco Steenkamp en Stefan Smith. DF 2de span vs Kwezi Lomso: wen met 24 lopies. Spelers van die wedstryd: Henri D'Assonville en Gerrit Delport. DF vs Linkside: wen met 6 paaltjies. Spelers van die wedstryd Stefan Smith en Riegardt
Pienaar. DF vs Brandwag: verloor met 18 lopies. Speler van die wedstryd Arutha Edwards. DF vs Despatch: verloor met 129 lopies. Spelers van die wedstryd: Ignus Potgieter en Amray Shanagan.

Dogters: DF vs Pearson: wen met 9 paaltjies. Spelers van die wedstryd: Mieke de Ridder, Riandri Janse van Rensburg en Carice Meyer.

GHOLF: DF A1 vs Muir: wen met 18 punte. Speler van die wedstryd, Ruan Prinsloo. DF C1 en C2 vs Grey: verloor met 15 punte elk. Spelers van die wedstryde is: J Wolmarans en Christiaan le Grange onderskeidelik. Mieke de Ridder het aan die Oos Kaap Vroue Amateur Gholfkampioenskap deelgeneem. Sy het die 5de plek in die B-afdeling behaal. Sy het ook gekwalifiseer vir beurtspel waar sy haar uitstekend van haar taak gekwyt het deur te vorder tot by die semifinaal waar sy ongelukkig op die laaste gat met een hou verloor het. DF vs Grey: DF verloor. Spelers van die wedstryd: C1 span - Mieke de Ridder, C2 span - Jason Holtshausen en C3 span - Christiaan le Grange.

PADWEDLOOP: Armand Rautenbach behaal die 3de plek: 49min 42 sek. Mnr Scriven 2de: 48 min en 17 sek en juf. Stander 1ste: 47min 20sek.

TENNIS: **Dogters:** 1ste vs Harvest: verloor 3-9. 2de span vs Paul Sauer: verloor 4-8. 3de span vs Newton Tech: wen 8-4. DF vs Alexander Road: verloor 3-10. DF vs Collegiate: 1ste span verloor 3-11, 2de span wen 8-4. DF vs Daniël Pienaar: wen 12-0.

Seuns: 1ste span vs Newton Tech: wen 9-4. 2de span vs Muir: wen 9-4. 3de span vs Brandwag: verloor 2-11, 4de span vs Westview: wen 8-4 en vs Cillie: wen 8-5. DF vs Pearson: 2de span wen 8-5, 3de span wen 12-0. DF vs Gelvandale: 4de span wen 12-02. DF vs Grey 1ste span wen 9-5. DF vs Framesby: 2de span verloor 4-8. DF vs Kaap Receife: 3de span wen 8-4. DF vs Westering: 4de span wen 10-2.

FIETSRY: Marinus Prinsloo het aan die Master & Ladies - o/30 reeks deelgeneem. Marinus behaal 'n algehele 2de plek van 8 wedrenne. Marinus het ook aan die Herald (105km) deelgeneem en het die 63ste plek uit 1116 ryers behaal. Monique Gerber het aan die Herald (105km) in die o/16 afdeling deelgeneem. Sy het slegs 4 min na die o/16 seunswenner klaargemaak. Marinus het deelgeneem aan die SA Padfiets Kampioenskap te Klerksdorp. Hy het deelgeneem aan die 128km padwedren in die Junior afdeling (o/17 en 0/18 ouderdomsgroep) en die 12de posisie behaal. Monique Gerber het 'n skitteroorwinning behaal by die SA Fietsrykampioenskap te Klerksdorp. Sy het die goue medalje en die SA trui in die o/16 padwedren verower. Die 13-jarige Monique het 'n uitnodiging ontvang om vanjaar se Argus-toer saam met professionele dames weg te

SKOOLTYE

Let asseblief daarop dat die skool op Maandag, 8 Maart 2010, om 12:00 sluit. Die personeel het vanaf 12:00 - 16:00 ‘n opleidingsessie rakende leesvaardighede.

Beheerliggaam-komitees

In ons vorige omsendskrywe het ons aan u die Beheerliggaamslede se kontakbesonderhede voorsien. U is welkom om hulle te kontak sou u belangstel om in enige van die komitees te dien.

Die huidige komiteelede is as volg:

Bemarking: Dr D van Rensburg (Voorsitter), adv E Nel, me D Troskie, me E Pike, me M Smith (Ontwikkelingsbeampte), mnr C Scriven (Sportorganiseerder en Bemarker), mnr F Marais (Media), mnr P Hauman (Skoolhoof), mnr A van Wyk (adjunkhoof).

Kultuur: Me R Scholtz (Voorsitter), me A Bosch (Hoof: Kultuur) mnr H Muller, me S Koen, mnr en mev H Herselman , me C Jones, ds D Matthee, me B Matthee, me J Willemse en me A Hobson.

Akademie: Prof J Greyling (Voorsitter), dr F Buys, mnr M Niemand, mnr P Horn, prof D Hattingh, mnr P Hauman (Skoolhoof), mnr A van Wyk (Hoof: Akademie).

Sport: Mnre C Doubell (Voorsitter), E Erasmus (Hoof: Sport), C Scriven,

Regs: Adv L Crouse (Voorsitter), mnr P Hauman (Skoolhoof), me C Killian (Opvoeder), Ruan Koen en Alida Senekal (Leerders).

Finansies: Mnre L Slabbert (Voorsitter), P du Toit, L Barkhuizen, A Schultz, C van Appel, P Hauman (Skoolhoof), A van Wyk (Adjunkhoof), Me W van den Berg en me M Nelson (finansiële klerk).

Geboue: Mnre S de Ridder, G Gerber, F Coetser, R Prinsloo, H Prinsloo en M Shafer.

HARMONY WISKUNDE OLIMPIADE - DATUMS

Eerste Ronde - 17 Maart, 2de Ronde 18 Mei en 3de Ronde 8 September.

SIMPATIE

Bennie, Chanté Bellingan en Jeandré Els se oupas is oorlede. Ons innige simpatie aan die Bellingan- en Els-familie.

AKADEMIESE PRYSUITDELING

Graad 8 - 2009

Seël vir Hoogstaande Akademiese Prestasie

Simoné Ferreira, Roelien Redelinghuys, Alichia Kapp, Carice Meyer, Karel Prinsloo, Zuandré Willemse (3de Klasposisie), Mercy Kannemeyer (2de Klasposisie), Danica Loock (1ste Klasposisie)

Vakprys

Talita Booyens - Musiek
Simoné Ferreira - Lewensoriëntering
Reino Fouché - Engels Eerste Addisionele Taal
Carice Meyer - Wiskunde
Mercy Kannemeyer - Engels Huistaal, Kuns en Kultuur en Sosiale Wetenskappe,
Danica Loock - Afrikaans Huistaal, Ekonomiese Bestuurswetenskappe, Kuns en Kultuur en Tegnologie

Graad 9 - 2009

Seël vir Hoogstaande Akademiese Prestasie

Mieke Alberts, Lizé de Jager, Marnus Dunn, Trudie Fox, Cornelius Greyling, Reinardt Herselman, Kim Harris, Bianca Liebenberg, Marizanne Pienaar, Eduan Troskie, Jade-Chloé van Deventer, Kyla Potgieter (3de Klasposisie),
Christene du Toit (2de Klasposisie, Meriete vir Akademie), Toshka Barnardo (1ste Klasposisie, Meriete vir Akademie,)

Vakprys

Lizé de Jager - Engels Huistaal, Lewensoriëntering
Kim Harris - Tegnologie
Bianca Liebenberg - Xhosa, Kuns & Kultuur en Lewensoriëntering
Jade-Chloé van Deventer - Natuurwetenskappe
Kyla Potgieter - Engels Eerste Addisionele Taal
Christene du Toit - Musiek, Wiskunde
Toshka Barnardo - Afrikaans Huistaal, Ekonomiese Bestuurswetenskappe en Sosiale Wetenskappe

Graad 10 - 2009

Seël vir Hoogstaande Akademiese Prestasie

Janel Coetzee, Aleesha Gerber (Meriete vir Akademie), Marolene Gouws (Meriete vir Akademie), Liezl Henderson (Meriete vir Akademie), Jeanroux Horn (Erekleure vir Akademie), Pierre Hulsman (Meriete vir Akademie), Nathan Jacobs, Marlise Keller (Meriete vir Akademie), Christo Marx (Meriete vir Akademie), Jon-Marc Pike (Meriete vir Akademie), Marinus Prinsloo (Meriete vir Akademie), Janien Raubenheimer (Erekleure vir Akademie), Lisé Crouse (Erekleure vir Akademie, 3de Klasposisie), Talana Matthee (Erekleure vir Akademie, 2de Klasposisie), Nikki de Ridder (Erekleure vir Akademie, 1ste Klasposisie)

Vakprys (Graad 10)
Nicolize Bouwer & Aleesha Gerber - Verbruikerstudies
Luané Buys - Engels Huistaal
Darné Claassen en Louis Keyter - Dramatiese Kunste
Jolene Davis - Wiskundige Geletterdheid
Marolene Gouws - Geskiedenis
Jeanroux Horn - Rekenaartoepassingstegnologie
Marlise Keller - Toerisme
Jon-Marc Pike - IGO
Marinus Prinsloo - Besigheidstudies
Lisé Crouse - Lewenswetenskappe
Talana Matthee - Fisiese Wetenskappe, Lewensoriëntering
Nikki de Ridder - Afrikaans Huistaal, Engels Eerste Addisionele Taal, Rekeningkunde en Wiskunde

Graad 11- 2009
Seël vir Hoogstaande Akademiese Prestasie
Amari Annandale (Erekleure vir Akademie), Liesbet du Toit (Erekleure in Akademie), Annette Greyling (Erekleure vir Akademie), Ruan Koen (Erekleure vir Akademie), Karlien Nell (Meriete vir Akademie), Joné Smith (Erekleure vir Akademie), Vinette van der Merwe (Meriete vir Akademie), Karien Knoetze (Erekleure vir Akademie, 3de Klasposisie), Gerhardus Röth (Erekleure vir Akademie, 2de Klasposisie), Annika Theron (Erekleure vir Akademie, 1ste Klasposisie)

Vakprys
Amari Annandale - Dramatiese Kunste, Lewensoriëntering
Elmarie Badenhorste - Toerisme en Verbruikerstudies
Stephan Cloete - Wiskundige Geletterdheid
Ruan Koen - Geskiedenis, Rekenaartoepassingstegnologie
Shaneen Maritz - Ingenieursgrafika en –ontwerp
Joné Smith - Engels Huistaal
Chané Tessner - Verbruikerstudies
Karien Knoetze - Besigheidstudies
Gerhardus Röth - Engels Eerste Addisionele Taal, Fisiese Wetenskappe, Rekeningkunde en Wiskunde
Annika Theron - Afrikaans Huistaal, Geografie, Lewensoriëntering, Lewenswetenskappe

GOUE GEDAGTES

Lewe só dat jy in elke mens wat jy teëkom se lewe iets konkreets sal agterlaat wat hom sal laat groei, wat hom sal inspireer om dié mens te word wat God wil hê hy moet wees.

- Nina Smit

Profiles

Health & Fitness Club
William Moffett Rylaan, Tel.: (041) 368 5041

Profiles bied ons skool nou die geleentheid om fondse in te samel deur te onderneem om aansluitings-fooie vir al ons leerders sowel as ouers met 50% te verminder en die aansluitingsfooi oor te plaas aan die skool ten einde ‘n bydrae te maak tot die finansiële welstand van ons skool.

Profiles beskik ook nou oor die volgende fasiliteite:
3 Muurbalbane
2 Verhitte swembaddens
Skoonheidspa wat die volgende bied nl.: pedikuurs, manikuurs, gesigbehandelings, sport masserings ens.
“Kiddies Club”
Koffiewinkel met ligte middagetes
Sportwinkel

HUIDIGE AANSLUITINGSFOOIE:
Enkel Volwasse Lidmaatskap:
Aansluitingsfooi: R300, debietorderkontrak van R199 per maand vir 24 maande.
Enige kind onder 12 jaar ‘n addisionele R89 per maand om by die “Kiddies Club” aan te sluit.

Leerders & Pensionarisse:
Aansluitingsfooi: R250, debietorderkontrak van R179 per maand vir 24 maande.

Gesinspakkette:
Aansluitingsfooi: R480, vir die 1ste twee persone en daarna ‘n R50 kaartfooi per persoon.
Maandelikse debietorder van R358 vir die 1ste twee persone en daarna ‘n addisionele bedrag van R89 per persoon.

HOE KAN DIE LEERDERS EN OUER BAAT VIND?
Ouers en leerders gaan slegs **50% van aansluitingsfooie** nou betaal en ontvang ‘n Manikuur **OF** Rugma-sering absoluut **GRATIS.**

HOE GAAN DIE SKOOL BAAT VIND DAARBY?
Vir elke enkel volwasse aansluiting:
R300 – 50% = R150 – kaartfooi R50 = **R100 kontant vir die skool**
Vir elke leerder of pensionaris aansluiting:
R250 – 50% = R125 – kaartfooi R50 = **R75 kontant vir die skool**
Vir elke huisgesin wat aansluit:
R480 – 50% = R240 – kaartfooi R100 = **R140 kontant vir die skool**

Ten einde rekord te hou van bogenoemde moet elke leerder wat wil aansluit net ‘n erkenningbriefie kom afhaal by mev Mercia Smith (Ontwikkelingsbeampte) in Kamer 87.

Opskud, hierdie aanbod is slegs geldig tot 31 Oktober 2010

MERCIA SMITH
ONTWIKKELINGSBEAMPTE

Dankie vir u aandag!

Vriendelike groete

P. HAUMAN
SKOOLHOOF